NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 12 – Uitgawe 11

18 April 2019

Here, laat ons kerkgebou nie afgebrand word nie!

Donderdag 11 April 2019 was 'n normale Donderdag. Maar dié normaliteit sou gou op sy kop gekeer word vir die mense van Gemeente Wesmoot in Pretoria.

Ds Rudi Botha, emeritusleraar verbonde aan dié gemeente, vertel dat die *WhatsApps* hier teen 10 uur begin vlieg het op die groepie wat daar vir kerkraadslede bestaan. Die boodskappe vertel van moeilikheid in Gomorrah, die informele nedersetting oorkant die kerkgebou. Die moeilikheid raak al hoe erger. 'n Ouderling wat oorkant die kerk bly, berig dat die skare besig is om die gekleurde loodglasvensters van die kerkgebou stukkend te gooi.

Ds Botha word gemaan om nie na die kerkgebou te kom nie, dis te gevaarlik. Hy vertel van die frustrasie om gebeure te probeer volg op grond van die boodskappe wat deurkom. Hy bid: *Here, laat ons kerkgebou net nie afgebrand word nie!* Die nuus versprei. Al wat beangste lidmate kan doen, is om te bid dat hul kerkgebou nie vernietig word nie.

Ds Botha kan later nie meer net by die huis sit nie. Hy en 'n kerkraadslid klim in sy bakkie en ry kerkgebou toe. Die Gemeenskapspolisiëringsforum (GPF) probeer manmoedig die kerkgebou beskerm. Later daag die Polisie op. Skote klap, binne en buite die kerk. Uiteindelik kan hulle die kerk ingaan. *Beeld* (13 April 2019) beskryf die toneel binne in die kerkgebou treffend: *Bloedspatsels, glasskerwe, gebreekte kerkbanke en 'n rubberkoeëldoppie langs die Kanselbybel wat van die preekstoel gesmyt is. Eens vrolike gekleurde vensters gaap soos leë oogkaste na die straat se kant terwyl geskeurde blindings in die wind deur die gate wapper. 'n Mistroostige toneel.*

Die betogers het 'n tuisgemaakte *Molotov Cocktail* gegooi om die kerkgebou aan die brand te probeer steek. Genadiglik was daar paraffien in die bottel en nie petrol nie, want die petroldampe sou baie gouer vlam gevat het en onmeetbare skade aangerig het.

Lidmate daag een vir een op. Natuurlik is daar baie woede, maar die oorheersende gevoel, volgens ds Botha, is een van hartseer en verslaenheid. Elke liewe lidmaat vind die toneel wat hulle begroet hartverskeurend. Stadig, stadig begin iets anders gebeur: 'n Stil maar baie sterk stuk vasberadenheid vat pos. *Ons gaan nie lê nie. Ons gaan nie moed verloor nie. Ons sál aanhou om gemeente van die Here te wees. Hier sál Sondag 'n erediens plaasvind.*

En dit gebeur. 'n Bonte mengelmoes stoele word uitgepak onder die afdak langs die kerkgebou. 'n Draagbare klankstelsel en 'n elektroniese klawerbord word ingespan. Lidmate sing twee-twee uit Liedboeke. Ds Botha sê dat hy doelbewus kies om die erediens op die bekende Hervormde patroon in te rig: Votum; Seëngroet; Lofsang; Wet; Skuldbelydenis; Geloofsbelydenis; Skriflesing; Prediking; ensovoorts. 'n Stukkie normaliteit in abnormale omstandighede.

Beeld (15 April 2019) berig soos volg oor die erediens: *Ds Botha het die gemeente herinner aan die les van Jesus se laaste oomblikke aan die kruis uit Lukas 23 vanaf vers 26. "Emosies loop hoog, ons voel verontreg, hartseer as ons die verwoesting in ons kerk sien... maar ons kan stil word en hieruit leer," sê Botha. Jesus vergewe alles. God verstoot en verdelg nie, Hy vergewe en red. Dis belangrik om te onthou, het Botha gesê. "By die kruis het Jesus ons geleer om te vergewe." Hy het 'n beroep gedoen op die gemeente om nie net bloot te vergeef en te vergeet nie, maar ook om vry te wees sodat hulle kan voortgaan om die Here se werk te doen en steeds uit te reik na ander.*

Ds Rudi sê dat daar Sondag omtrent 150 mense in die erediens was en wat hom opgeval het, was 'n hele aantal mense wat, vir watter rede ook al, 'n tyd lank ver van die Kerk geleef het, maar nou weer teruggekom het en vasberade is om die gemeente te help om weer op te staan en aan te gaan.

'n Kerkgebou is stukkend. Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde van God, die Gemeenskap met die Heilige Gees is ongeskonde.

Ds Etienne Fourie

***** Die volgende uitgawe van *Blitspos* verskyn op Donderdag 2 Mei.**

Teken in op blitspos
Stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Indien u nie weer blitspos wil ontvang nie, stuur 'n e-pos na karen@nhk.co.za

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

Ons wens ons lesers 'n geseënde Paastyd toe. Mag ons altyd bly vashou aan dié troos: *Vir my het Hy Hom daar laat hang. Hy leef, Hy sterf – in my belang.* (Gesang 396)

Lief en leed

Oudl Faan Beeslaar

- **Oudl Faan Beeslaar**, ouderlinglid van die Kommissie van die AKV, is in die hospitaal opgeneem met nierstene. Ons wens hom spoedige beterskap toe.

- **Mnr Hans Janse van Rensburg** is sedert die begin van April in die intensiewesorgeenheid van Groenkloof-hospitaal. Hy het ’n operasie ondergaan, nadat kanker in sy liggaam versprei het. Die kanker op sy longe affekteer hom en hy sukkel met asemhaling. Daar is fout met sy wit bloedplaatjies, wat dui op ’n infeksie. Tans het hy ’n pyp in die keel en is hy in ’n mediese koma. Ons bid hom spoedige beterskap toe.

Mnr Hans
Janse van Rensburg

- **Die volgende predikante verjaar tot 3 Mei, en word hartlik geluk gewens:**

o Donderdag 18 April:	Di JH (Hennie) Engelbrecht (studerend) en JR (Jan) Kramer (emeritus/Elsburg)
o Vrydag 19 April:	Di HW (Henk) Calitz (Carletonville) en PJ (Pierre) Jacobs (Outeniqua)
o Sondag 21 April:	Dr JA (Kobus) van Biljon (emeritus) en ds EJA (Edzard) van Baalen (Parkrand)
o Dinsdag 23 April:	Di F (Francois) Evert (Declercqville) en CJH (Casper) Steenkamp (emeritus)
o Woensdag 24 April:	Ds HP (Herman) van den Berg (Elandspoort)
o Donderdag 25 April:	Prof AG (Andries) van Aarde (emeritus), dr WAJ (Wimpie) van Schoor (Primrose-Oos) en ds R (Rika) van Staden (beroepafwagtend)
o Vrydag 26 April:	Ds HPF (Paul) Kern (emeritus)
o Saterdag 27 April:	Dr KD (Kálmán) Papp (emeritus)
o Sondag 28 April:	Ds P (Pieter) Rossouw (Sannieshof)
o Dinsdag 30 April:	Ds WJ (Wimpie) Steyn (emeritus)
o Woensdag 1 Mei:	Ds NM (Nick) Alberts (beroepafwagtend)
o Donderdag 2 Mei:	Ds HJ (Henk) Labuschagne (Silverton)
o Vrydag 3 Mei:	Dr E (Elritia) le Roux (Middelburg)

Gemeentes en bediening

Dr Robert Jones

- **Dr RJ (Robert) Jones** (beroepafwagtend) het die beroep na Barberton (benoeming) aanvaar.

- **Gemeente Roossenekal** se **eeufeesviering** vind plaas op Sondag 19 Mei om 09:00 met ’n erediens en Nagmaal. Kontak dr Elritia le Roux by 072 235 6904 vir meer inligting.

Derdepoort

- **Gemeente Derdepoort in Pretoria** het ’n **werkruimte vir deeltydse bediening** beskikbaar **vanaf 1 Junie 2019**. Vergoeding sal met die suksesvolle aansoeker onderhandel word. Behuising word nie voorsien nie. Die lidmaattal is tans 249 (202 belydend) en die gemeente is hoofsaaklik in ’n stadsgebied geleë. Die ampswerk en verpligtinge sal met die suksesvolle kandidaat onderhandel word. Aansoeke met volledige CV’s kan deur belangstellende predikante en proponente van die NHKA gestuur word aan oudl SG Booysen by **sarelbooysen@gmail.com**. Die kerkraad behou die reg om ook kandidate wat nie aansoek doen nie, te oorweeg, asook om die vakante werkruimte te vul wanneer dit vir die gemeente geleë is. Belangstellende aansoekers is intussen welkom om **preekbeurte** in die gemeente te behartig. Skakel 012 325 1857 of 061 604 1211, Nikki van Deventer. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 April 2019.**

Vergaderings

- Donderdag 18 April: Rata Bestuur Werkswinkel
- Woensdag 24 April: Plesion Dagbestuur
- Dinsdag 30 April: Beleggingskomitee
- 30 April tot 4 Mei: Agtste ADV

’n Gedig

Dit is volbring

mens sien pas voor die oomblik van die dood
glo prente van tevore, kiekies uit ’n laai
wat lank daar lê: die skoolkonsert, die groot
party, son op die agterstoep, ’n skaaprib bruin gebraai

straks het die Heiland só op golgota gesien:
net voor die sterwe goeie dinge, hoe Hy slaap
terwyl dissipels roei, die vroue wat Hom dien
die bruilofsvrolikheid en hoe die wyn opraak

dalk was getsémané te naby, al die angs, sy lyf
te stukkend van die kats en spykers, te vol pyn
– verwarring in die tuin het almal uitmekaar gedryf –
hoe kon Hy nog aan kana dink by hisop en asyn?

tog moes Hy dit onthou hoe hul vry uit kon vaar
voor Hy, bloed oor die ribbes, kon vergeef: dis klaar

IL de Villiers
(Uit: *Leviet en vreemdeling*, 1978)

Toerusting

- **Paasvieringe Gemeente Kaapstad**
  18 April Wit Donderdag 19:00: Broodbreek en Tenebrae-diens
  Tygerberg en Melkbosstrand
  19 April Goeie Vrydag 09:00: Nagmaaldienste
  Tygerberg en Melkbos
  21 April Paassondag 09:30
  Tygerberg en Melkbosstrand

- **Stasies van die Kruis: ’n Pelgrimstog in ons eie leefwêreld**
  Tot 21 April
  Beleef die krag van die Pase
  Gemeente Sasolburg-Suid
  Groblerstraat 19, Sasolburg (langs Coney Island)
  Toegang gratis
  Donderdag 18de: 14:30-17:00
  Vrydag 19de: 10:00-13:00
  Saterdag 20ste: 10:00-12:00
  Sondag 21ste: 10:00-12:00
  Navrae: **lisamari.swanepoel@gmail.com**

- **Gemeente Pretoria-Oos: Paasfees 2019**
  1 naweek – 3 Joodse feeste vervul!
  Pasga: **18 April** 18:30
  Fees van die Ongesuurde Brode **19 April** 08:00
  Fees van die Eerste Vrugte **21 April** 09:00
  Kom deel in die grootste naweek in jou geloof

- **Gemeente Sionspoort (Randfontein), in samewerking met die HTK**, bied aan alle predikante en ander ampsdraers en gemeenteleiers wat nie 2018 se VTK- en VTT-kursusse kon bywoon nie ’n **toerustingsgeleentheid op Saterdag 25 Mei (08:00-16:00)** rondom die tema: *Die emosioneel gesonde leier*. Benewens die feit dat dit as alleenstaande kursus van groot waarde is, dien dit ook as voorbereiding vir vanjaar se VTK en VTT. Predikante

verdien VBO-krediete. **Die sluitingsdatum vir inskrywings is 17 Mei 2019.** Die koste beloop R350 per kursusganger – dit sluit verversings, middagete en kursusfooi in. Kontak dr Renier Labuschagne by 083 281 8611 of **renierla@vodamail.co.za**.

Barmhartigheid

- **Ons Tuis (NWO)** beskik tans oor ’n **vakature vir ’n geregistreerde professionele Verpleegkundige (Matrone)** by Van Rensburg-/Louis Trichardt-versorgingsfasiliteit vir bejaardes in Danville, Pretoria. Die vereiste **vaardighede** is uitstaande leierseienskappe; bestuursondervinding in bejaardesorg; interpersoonlike en kommunikasievaardighede; verpleegkundige vaardighede; administratiewe, finansiële, personeel- en logistieke bestuursvaardighede; en moet Afrikaans en Engels magtig wees. Die **verantwoordelikhede** sluit in effektiewe, doeltreffende en verantwoordbare bestuur van die versorgingsfasiliteit; en beplanning, implementering, uitvoering en kontrolering van administrasie, finansies, personeel en logistiek. Die vereiste **ondervinding** is vyf (5) jaar bestuurservaring op die vlak van ’n geregistreerde professionele verpleegkundige (matrone), en ondervinding in bejaardeversorging, veral van verswakte bejaardes en Alzheimerpasiënte, sal ’n sterk aanbeveling wees. Die vereiste **kwalifikasie** is registrasie as professionele verpleegkundige by die Verpleegstersraad (SARV). Die salaris is onderhandelbaar, met normale diensvoorwaardes. Stuur CV aan Gerald van Rensburg by faks 012 325 1857 of e-posadres **adm@otmt.org**. **Die sluitingsdatum vir aansoeke is 26 April 2019.** Indien u binne twee weke geen terugvoer ontvang het nie, was u aansoek nie suksesvol nie.

- **NHKA Diakonaat se *Ubi caritas*-simposium 2019**
  Dinsdag 30 April – Donderdag 2 Mei
  Christelike barmhartigheid in die Suid-Afrikaanse konteks
  By Gemeente Wonderboom
  Navrae: Sonet Esterhuizen 012 322 8885 x3109
  sonet@plesion.org.za

- **Machteld Postmus-behuisingskompleks vir bejaardes** in Brooklyn, Pretoria, beskik tans oor **een eenslaapkamer-woonregeenheid** in Huis Frans Boshoff teen R347 080 en **een eenslaapkamer-huureenheid** in Huis Johannes Postmus teen R4 715 per maand. Kontak mev Hannelie Fourie by 012 325 1857.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met drie etes per dag teen R4 435 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Annie Schilz in Riviera, Pretoria,** is ’n woonstelblok vir afgetrede persone. Hierdie kompleks is geleë op die gronde van die versorgingsoord Ons Tuis Riviera en die Seniorstuis-dienssentrum, waar verskeie sosiale programme aangebied word. Daar is tans **drie huurwoonsteleenhede** beskikbaar teen R3 485 per maand (krag uitgesluit). Kontak mev Ilse Malan by 012 329 3707 vir meer inligting.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het tans plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24 uur versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Vir meer besonderhede, skakel matrone T Broodryk by 056 811 2185.

- Daar is tans plek vir bejaardes beskikbaar in **Piet Potgieter te Potgietersrus (Mokopane)**. Die **tweeslaapkamer-woonregeenheid** is geleë in hierdie rustige omgewing, en verskeie dienste word op die perseel aangebied. Die eenheid is te koop teen R592 120 (aanvanklike deposito van R10 000 en R582 120). Kontak mev Mariana van Tonder by 015 491 6314.

- **Seniordal-aftreeoord (blok woonstelle), lewensreg te koop**
  2-slaapkamer @ R560 000, 1½-slaapkamer @ R520 000, 1-slaapkamer @ R515 000
  Groot tuine om in te ontspan, geen versorging
  Daar is nou ook huureenhede beskikbaar
  Skakel Ansie Lombard (bestuurder), 012 329 4318 / 084 920 8723

Kerklike publikasies

Fondsinsamelings

Basaars en markte

- **Gemeente Suidoos-Witbank: Geskenkemark**
  Woensdag 24 April tot Saterdag 4 Mei
  Weekdae 09:00-19:00; Saterdag 27 April 09:00-15:00
  Gesluit Sondag 28 April; Saterdag 4 Mei 09:00-14:00
  hv Hans Strydom- en Theunis Jansonstraat, Witbank
  Facebook: *Geskenkemark*
  Navrae aan Annelien Hartman by 082 512 9849

Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word. *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *blitspos* word normaalweg Woensdae saamgestel en verskyn dan die Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit). **(Let asseblief op die nuwe koste.)** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**

Gebed vir die week

Middelpunt van ons verlange, U bring rus in ons gemoed!
Jesus, met ons dankgesange loof ons steeds u liefdegloed!
Op ons diepbedorwe aarde het U, Heiland, neergedaal
en vir elke skuldbeswaarde met u kosbaar bloed betaal.

Jesus, al u angs en smeking, eensaam in Getsemane –
dit was liefdevol bereken om ons ware rus te gee.
Heer, U het, gedring deur liefde, self die kruis vir ons gedra.
En U sterf – die sondelose – in ons plek op Golgota.

Heiland, U peil ons verlange – dieptepunt en verste vlug.
Uit ons soeke, twyfel, angste lei U ons na God terug.
U laat vind ons, deur u lyding, ware vrede, ware rus.
U gee ons met dié bevryding weer spontane lewenslus.

Heer, in liefde wek U liefde, U kom met ons vóór begin –
U laat groei in ons die visie van ’n nuwe lewensin.
U skenk nuwe inspirasie om te bid, te volg, te dien.
Middelpunt van ons verlange, U het rus aan ons voorsien.

Attie van der Colf
(Uit: Liedboek van die Kerk)

Redakteur: Ds Willem Sauer
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Johan van Staden
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mev Francis Nel